**KANKER:**

Ons bid steeds vir Jansen van Niekerk en Gideon Erasmus wat besig is met chemoterapie.

Ook Issie Swart, Elmo de Beer en Tina Fullard bly steeds in ons gebede.

**GESONDHEID:**

Voorbidding word gevra vir Marie Vos. Sy het konstante, erge pyn. Sy kan egter nie geopereer word nie, as gevolg van ernstige osteoporose, wat veroorsaak dat sy semi bedlêend is.

Johan Visser (snr) is Dinsdagmiddag, 05 Augustus 2025, in Pretoria-Oos Hospitaal opgeneem, nadat hy 'n beroerte gehad het. Hy was intussen oorgeplaas na Intercare Hazeldean Rehabilitasiesentrum, waar hy spraak- en fisioterapie ontvang het. Johan is Saterdag, 30 Augustus 2025, oorgeplaas na Kloof Hospitaal se Hoësorgeenheid, met 'n kroniese blaasinfeksie en verhoogde natriumvlakke.

**OPERASIES:**

Petrea du Toit het Maandag, 01 September 2025, 'n skildklieroperasie ondergaan. Sy is gelukkig alreeds ontslaan en sterk nou tuis aan.

André Grundling is Maandag, 08 September 2025, na bykans 'n maand in die hospitaal, ontslaan. Die gesin en familie sê baie dankie vir almal se gebede.

Corene Myburgh bly steeds in ons gebede, na haar groot operasie op 25 Julie 2025. Dis 'n LANG pad na herstel.

**SWANGERSKAPPE:**

Heinrich en Erisha Rautenbach is swanger met hulle tweede baba, 'n seuntjie. Die verwagte datum is einde Januarie 2026.

Ons bid julle 'n baie gesonde, geseënde en voorspoedige swangerskap toe.

**GEBOORTES:**

Neels en Sonandie Janse van Rensburg se dogtertjie, Neandi, is Dinsdag, 02 September 2025, gebore. Baie geluk pappa, mamma en boeties, JG en Ernst. Geluk ook aan al die oupas en oumas, tannies en ooms. Mag sy vir julle net vreugde en geluk bring.

**ANDER:**

Mense, veral ons jongmense, wat sukkel met dwelm- en drankafhanklikheid;

Die lande en mense wat in oorlog gewikkel is;

Ons boere en hulle gesinne, hulle veiligheid, hulle plase, vee en oeste.